# Die Nederduits Gereformeerde Kerk en die menseregte-vraagstuk: 1910-1990[1]

J H Ernst

## ABSTRACT

**The Dutch Reformed Church and the human rights issue: 1910-1990**

*Research in the field of church history reveals that the Dutch Reformed Church disposes its own human rights tradition that should be viewed and judged alongside and not in opposition to its apartheid tradition. As common factor "Human Rights" proved to be a suitable key to unlock the history of the theology of apartheid ("evangelie van volksvryhede") of the Afrikaans churches, the theology of civilisation ("gospel of co-operation") of the English churches and the theology of liberation ("gospel of humanisation") of the Black church movement in an impartial and systematical way.*

## 1 INLEIDING

Die probleme wat vir dekades op die terrein van tussenmenslike en tussengroepverhoudings in Suid-Afrika ondervind is, het in 'n groot mate gewentel om die sentrale kwessie van menseregte. Die hele Suid-Afrikaanse politieke en sosiaal-maatskaplike bestel is vir jare aan intense internasionale kritiek onderwerp. In die apartheidsera (1948-1990) het binne- en buitelandse politieke en kerklike groepe aansienlike druk op die Nasionale Party-regering toegepas om die talle apartheidsmaatreëls af te skaf, omdat dit in stryd met die geïnternasionaliseerde siening van menseregte was. Die Afrikane se stryd om bevryding is as 'n morele stryd vir menseregte gesien, terwyl die Afrikaners se stryd om selfbeskikking as 'n immorele stryd teen menseregte beskou is. Die noue historiese verbintenis tussen die Ned Geref Kerk en die Nasionale Party het dié Kerk onder geweldige druk geplaas om sy standpunt oor menseregte indringend te hersien en in lyn te bring met veral die Westerse siening daarvan.

Die afgelope aantal jare is daar vanuit die geledere van die Ned Geref Kerk gesê dat dié Kerk in die verlede téén menseregte was. W D Jonker[2] maak die stelling dat daar onder die Afrikaanssprekende deel van die blanke bevolking - en bepaald ook in sy kerklike kringe - 'n uitgesproke afkeer bestaan het van die begrip menseregte en die saak wat daarmee aangedui is. D A du Toit[3] is van mening dat die Afrikaanse kerke

onder buitelandse druk die menseregtekwessie doodgewoon afgeskud of geïgnoreer het. Die relatiewe isolasie van die Afrikaner het meegehelp dat die geestesklimaat in Europa en Noord-Amerika ná die Tweede Wêreldoorlog nie heeltemal tot die Afrikaner deurgedring het nie. Volgens A König[4] het die sogenaamde Afrikaanse kerke vir dekades die negatiewe houding teenoor menseregte Bybels probeer regverdig. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die steun aan apartheid en die argwaan teen menseregte in Suid-Afrika se resente geskiedenis parallel geloop het. In teenstelling met bogenoemde sienings het 'n uitgebreide kerkhistoriese ondersoek[5] aan die lig gebring dat die Ned Geref Kerk, soos die Engelse kerke en die Swart kerklike beweging (waaronder die *African National Congress* in sy vroeë jare gereken kan word), oor 'n eie besondere menseregtetradisie beskik wat nie teenoor nie, maar naas sy apartheidstradisie beskou en beoordeel moet word. Die indruk wat vertolkers van die kerkgeskiedenis probeer wek het dat die Afrikaner in die algemeen en die Ned Geref Kerk in die besonder téén menseregte was, kom nie met die feite van die verlede ooreen nie. Wat wel waar is, is die feit dat die Afrikaanse kerke hulle nie sonder meer met die liberaal-demokratiese siening van menseregte, soos aanvanklik deur die "Liberal Establishment" gepropageer en later deur die verligte beweging onder Afrikaners onderskryf is[6], vereenselwig het nie.

Gesonde teologiese interaksie binne die Ned Geref Kerk word tans gestrem deur die talle oppervlakkige en dikwels uiteenlopende verklarings wat aan bepaalde kerkhistoriese gebeurtenisse gegee word. Uitsprake van gister word al te maklik gepopulariseer en teen vandag se agtergrond beoordeel. Kerkleiers word op grond van die standpunte wat hulle toentertyd ingeneem het, in hedendaagse veranderde omstandighede verheerlik of verguis. Kerkgeskiedenis word op 'n voorbedagte en manipulatiewe wyse ingespan om die eie saak ten koste van die ander te bevorder. Nie 'n enkele historiografiese tradisie is in hierdie opsig te verskoon nie. Historiese waarhede moet egter binne konteks, so onbevange as moontlik en buite die eng raamwerk wat een van die historiografiese tradisies reeds by voorbaat vir die ingewikkelde Suid-Afrikaanse bevolkingsvraagstuk aangebied het, kerkhistories beoordeel word.

Dit het nou meer as noodsaaklik geword dat ook die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis van sy ideologiese kettings bevry word en vanuit 'n wyer perspektief en teen 'n breër agtergrond aangebied en krities beoordeel word. Ongelukkig is daar in die Suid-Afrikaanse (kerk)geskiedskrywing weens die pro- en anti-apartheidsgees nog weinig op hierdie weg gevorder. Die geskiedenis van Suid-Afrika laat hom nie deur 'n enkele stroming bemeester nie. Daarvoor beskik hierdie landstreek en sy mense oor 'n te ryke

verledebeeld. Elke voorstelling, hoe eensydig ook al, verskaf 'n belangrike gesigspunt wat die (kerk)historikus noodgedwonge in aanmerking moet neem by die skrywe van enige faset van die algemene Suid-Afrikaanse (kerk)geskiedenis. Die uitdaging waarvoor die historikus, en by name die kerkhistorikus, te staan kom, is om historiese gebeure, sover dit menslik moontlik is, van alle kante te deurskou en krities te ontleed, en daarna die waarheidselemente in elke beskouing te integreer tot 'n sinvolle en meer korrekte geheelbeskouing. Die Griekse filosoof Aristoteles het reeds eeue gelede gesê dat die geheel méér en ánders is as die som van sy samestellende dele. Ten opsigte van die oplossings wat in die twintigste eeu vir die Suid-Afrikaanse bevolkingsvraagstuk aangebied is, is dit ook waar. Die ingewikkelde verhoudingsituasie in Suid-Afrika vra 'n andersoortige perspektief - 'n perspektief wat daarop neerkom dat die patroonmatighede en prosesse in verhoudingsprobleme vanuit meer as net een hoek ontdek en blootgelê word. Die blote besef dat 'n vraag(stuk) meer as een antwoord kan hê, moet die navorsers reeds daarop bedag maak dat sy antwoord nie noodwendig die enigste antwoord is nie. Hierdie soort bevrydende denke kan konstruktiewe resultate lewer wat werklik 'n verskil kan maak aan mense se begrip vir en hantering van verhoudingsprobleme tussen individue, groepe en gemeenskappe - ook, of juis, in Suid-Afrika. Wie in sy beoordeling van die verlede so ver as moontlik bokant sy eie beskouinge en oortuiginge kan uitstyg en sy feite só kan aanbied dat 'n geheelomvattende histories-verantwoorde oplossing vir die toekoms op grond daarvan gevind kan word, het die stryd teen wanvertolking en subtiele propagandisme, wat opsigtelik deel van die moderne (kerk)geskiedskrywing geword het, gewen. Dan eers sal 'n algemene (kerk)geskiedenis van Suidelike Afrika 'n werklikheid word.

Die neiging om in navolging van liberale (kerk)historici slegs die Afrikaner en die Afrikaanse kerke as sondebokke aan te wys vir wat in die twintigste eeu in die Suid-Afrikaanse samelewing verkeerd gegaan het, kenmerk die ietwat eensydige benadering wat ook sedert die begin van die tagtigerjare deur historici en dogmatici binne die Ned Geref Kerk nagevolg is. Die teëhanger van die volksnasionalisme en die neo-Calvinisme waaruit die Afrikaner se apartheidsideologie en -teologie reaktief gegroei het, naamlik die internasionale Humanisme en die neo-Liberalisme met sy Skrifberoep op die eenheid van die mensheid, die waardigheid van die menslike persoon, die fundamentele regte van die individu ongeag ras, geloof of geslag, die voordele van gelyke onderwys op Westerse lees geskoei, die verwydering van diskriminerende wetgewing, die handhawing van die "rule of law" deur 'n beregbare handves van menseregte, gekwali-

fiseerde of algemene stemreg en die skepping van 'n liberale, nie-rassige parlementêre demokrasie volgens Britse of Amerikaanse model[7], is opvallend nie aan dieselfde kritiese kerkhistoriese en eties-dogmatologiese ondersoeke onderwerp nie. Die rede hiervoor is waarskynlik daarin te vind dat sommige kerkgeskiedskrywers en vertolkers van die kerkgeskiedenis hulle toenemend met die liberale geestesrigting begin identifiseer het, maar tog daarvan bewus gebly het dat die Liberalisme as sodanig oor jare onder veral hul vernaamste teikengroep, die deursnee lidmaat van die Afrikaanse kerke, negatief waardeer en selfs sonder meer afgewys is. Opvallend is ook die feit dat die "ecumenicals" se neo-Marxistiese en die Afrikane se swartnasionalistiese en pan-Afrikanistiese bevrydingsteologie wel vanuit veral die hoek van die liberale geskiedenisideologie aan sodanige indringende kritiek onderwerp is, maar dat daar in die proses weinig selfkritiek ten opsigte van die liberale rigting toegepas is. Het die tyd nie ryp geword dat daar vanuit die Afrikaanse, die Engelse én die Swart kerklike tradisie in Suid-Afrika 'n ewe kritiese én neweskikkende oordeel gevel word oor die ideologies-teologiese fundering van die Afrikaanse kerke se "evangelie van volksvryhede", die Engelse kerke se "gospel of co-operation" én die Swart kerklike bewegings se "gospel of humanisation" nie?

Eers nadat die Afrikaners se apartheidsteologie, die Engelse se beskawingsteologie en die Afrikane se bevrydingsteologie naas mekaar geplaas en beoordeel is, sal daar sinvol beweeg kan word in die rigting van die skryf van 'n gesaghebbende algemene nie-polemiese Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis oor die komplekse bevolkingsvraagstuk en die staatkundige oplossings wat met die onderskeie kerklike tradisies se teologiese steun daarvoor aangebied is. Die bestudering van die Suid-Afrikaanse bevolkingsvraagstuk as 'n menseregtevraagstuk het geblyk van besondere waarde in hierdie opsig te wees.

## 2 MENSEREGTE AS HERMENEUTIESE SLEUTEL

Die kontemporêre kerkgeskiedskrywing oor die Ned Geref Kerk se hantering van die bevolkingsvraagstuk het tot op datum hoofsaaklik die negatiewe term "apartheid" as hermeneutiese sleutel gebruik om die eietydse geskiedenis van die Afrikaanse kerke te ontsluit. Dit het die nadeel gehad dat bepaalde grondliggende beskouings in elk van die drie vernaamste kerklike tradisies (Afrikaans, Engels en Swart) nie op 'n positiewe manier met mekaar vergelyk kon word nie. Die term "apartheid" is in elk geval 'n meer resente, besonder gelaaide en relatief omstrede begrip waaraan te veel betekenismoontlikhede gekoppel word.

Daarenteen verskaf die onderskeie kerklike tradisies se menseregtebeskouings wel 'n basis vir 'n patroonmatige en vergelykende studie. Navorsing het aangetoon dat die begrip "menseregte" in al drie genoemde kerklike tradisies in 'n positiewe, alhoewel gekwalifiseerde sin, gebruik word. "Menseregte" het daarom geblyk 'n geskikte sleutel te wees om die geskiedenis van elk van die drie genoemde kerklike tradisies sistematies mee oop te sluit.

'n Vergelykende kerkhistoriese analise is gedoen van alternatiewe oplossings wat tussen 1910 en 1990 vir Suid-Afrika se bevolkingsvraagstuk aangebied is. Die verlede is bevraagteken met "menseregte" as sleutel om die verband tussen ekklesiologie (teologie), staatkunde (politiek), antropologie (mensbeskouing) en geregtigheid (menseregte) te bepaal in die aangebode uitlandse Anglo-Amerikaanse liberaal-demokratiese, pragma-tieskapitalistiese en "evangeliese" beskawingsteologie met sy klem op individuele menseregte en die reaktiewe ontwikkeling en groei daaruit van 'n internasionaal-geleende, maar inlandse (a) Afrikaanse prinsipieel-nasionalistiese en patriotiese volksteologie met sy klem op volks- én menseregte; en (b) swart pan-Afrikanistiese of "ekumeniese" en sosialisties-medemenslike bevrydingsteologie met sy klem op sosiale of kollektiewe menseregte.

Die volgende aspekte van die navorsingsprobleem het die besondere aandag van die navorser geniet:

(a) Die wyse waarop die Ned Geref Kerk as die invloedrykste Afrikaanse kerk die menseregtevraagstuk hanteer het.
(b) Die ontwikkeling van die menseregtedenke binne die Ned Geref Kerk.
(c) Die invloed van die wêreldwye menseregtebeweging op die kerklike denke binne die Ned Geref Kerk.
(d) Die beoordeling van politieke partye, kerklike liggame en die ekumeniese beweging se alternatiewe vir apartheid.
(e) Die wyse waarop daar in die Afrikaner se konserwatiewe geskiedbeskouing, die Engelse se liberale geskiedbeskouing en Afrikane se swart geskiedbeskouing oor menseregte gedink en met menseregte gehandel is.
(f) Die wyse waarop apartheidsdenke met menseregtedenke versoen is.
(g) Die noue verbintenis tussen kerk en politiek in die Suid-Afrikaanse samelewing.
(h) Onderstrominge in die Ned Geref Kerk en verskuilde optrede op interkerklike en ekumeniese gebied.

(i) Die netwerk van Brits- en Afrikanerbeheerde pendante kerke, organisasies en bewegings met hulle onderskeie invloedryke beskouings oor die bevolkingsvraagstuk as menseregtevraagstuk.

(j) Die verligte beweging in Afrikanergeledere en die invloed wat dit uitgeoefen het om die Ned Geref Kerk se siening van die bevolkingsvraagstuk en die oplossing daarvoor van apartheid na pluralisme te transformeer.

(k) Die Ned Geref Kerk se aandrang vir die implementering van 'n beregbare handves van menseregte wat gesien kan word as kerklike steun vir en teologiese onderskrywing van 'n ander politieke model.

## 3 VERGELYKBARE HISTORIESE GRONDWAARHEDE

'n Kerkhistoriese ondersoek met menseregte as uitgangspunt het die volgende vergelykbare historiese grondwaarhede aan die lig gebring:

### 3.1 Drie onderskeibare, interafhanklike groepe mense

Drie onderskeibare, interafhanklike groepe mense het hulle in die twintigste eeu op die Suider-Afrikaanse bodem bevind: Die Afrikane of mense van die mense (sosiaal-kollektiviste), die Afrikaners of die mense van die grond (nasionaal-sosialiste) en die Engelse of die mense van die geld (liberaal-kapitaliste). Simplisties kan dit gestel word dat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis die gedagtes van die klassieke Afrikane oorwegend deur die getallekwessie ("majority rule"), dié van die klassieke Afrikaners deur die grondkwessie ("eie vaderland") en dié van die klassieke Engelse deur die geldkwessie ("economic interest") beheers is. Tussen hierdie klassieke groeperinge of stereotipes het daar sedert die begin van die 19de eeu bepaalde verskuiwings plaasgevind. Die koms van die Britse Setlaars in 1820 het Britte op die Oosgrens geplaas wat deur die omstandighede geskoei is om op dieselfde manier oor die rassevraagstuk te dink as die Afrikaners. In die westelike dele van die Kaapkolonie het verskeie vooraanstaande Hollandse Afrikaners verengels en soos die Engelse oorheersend in terme van geld en goedere begin dink. Op die sendingstasies en in die Engelse kerkskole is talle Afrikane geleer om die "meerdere" Westerse kultuur saam met die Christendom hul eie te maak en ander is sodanig by die ekonomiese stelsel van die land betrek dat die swart-elite hul tot die Europese Liberale Kapitalisme en die swart arbeiders hulle tot die Europese Sosiale Demokrasie laat bekeer het. Die mense van die geld het hul samelewing probeer bou met klas as grondslag. Die mense van die

grond wou dit bou op ras of volksverband. Die mense van die mense het weer oor die getalle beskik en gaandeweg besef dat hulle 'n samelewing kon bou gegrond op mag. 'n Finale oplossing vir Suid-Afrika se ingewikkelde bevolkingsvraagstuk kan moontlik daarin lê (a) dat die klassieke Brit ruim geleentheid het om aan sy ekonomiese broederskap gestalte te gee en sodoende na die internasionale Anglo-Amerikaanse gemeenskap se belange ("interests") in die land om te sien; (b) dat die klassieke Afrikaner die vryheid geniet om hom op sy eie grondgebied en binne sy eie volksbestaan te handhaaf en polities-kultureel uit te leef; en (c) dat die klassieke Afrikaan tot gelykheid met al die mense van sy gedeelde vaderland verhef word en bemagtig word om oor die gevestigde heterogene bewoners van Suid-Afrika die onbetwiste politieke gesag te voer. 'n Toekomstige politieke bedeling vir die groter Suid-Afrika wat nie genoegsaam aan bogenoemde drie historiese grondwaarhede gestalte gee nie, sal waarskynlik weinig kans op duursame sukses hê.

### 3.2 Drie voorgestelde oplossings

Hoofsaaklik drie duidelik onderskeibare oplossings vir Suider-Afrika se ingewikkelde bevolkingsproblematiek is tussen 1910 en 1990 voorgehou, naamlik (a) algehele territoriale segregasie gebaseer op rasse- of volkereonderskeid, (b) gedeeltelike segregasie óf gedeeltelike integrasie gebaseer op klasse-onderskeid en (c) algehele integrasie gebaseer op geen rasse- en klasse-onderskeid nie, dit wil sê algehele gelykheid. Die een oplossing kan nie sonder die ander verstaan en verklaar word nie. Al drie hierdie voorgestelde oplossings is uiteindelik van 'n uitgewerkte historiese verantwoording en 'n beredeneerde teologiese begronding voorsien. 'n Goue draad verbind al drie hierdie oplossings: Daar is regte wat God én/óf die natuur aan die mens geskenk het op grond waarvan die mense van Suid-Afrika se aansprake op vryheid (veral onder Afrikaners), gelykheid (veral onder Afrikane) en broederskap (veral onder Engelse) regverdig kan word.

### 3.3 Slegs twee oplossings wedersyds aanvaarbaar

Die Ned Geref Kerk het mettertyd sy daadwerklike steun gegee aan algehele territoriale segregasie (apartheid) as ideale oplossing. Die "Liberal Establishment" het hom vir die enigste ander en wedersyds aanvaarbare alternatief beywer, naamlik algehele integrasie (assimilasie), maar kon aanvanklik net die steun van enkele blankes en die swart-elite daarvoor monster.

Die Ned Geref Kerke was in die dertiger- en veertigerjare wel deeglik daarvan bewus dat nét (a) die uitbreiding van die "Cape liberal policy" na al die provinsies van die Unie van Suid-Afrika (integrasie) en (b) algehele segregasie en die skepping van 'n onafhanklike blanke en nie-blanke staat of volkstate (apartheid) vir nasionaliste én liberale, vir wit én swart, as kleurbeleid aanvaarbaar was. Die "Liberal Establishment" het met die steun van die Anglo-Saksiese wêreld vanaf die dertigerjare toenemend in die rigting van integrasie as oplossing vir Suid-Afrika se kleurvraagstuk gewerk. Die Ned Geref Kerke is gedwing om die Anglo-Amerikaanse ekonomies-geïnspireerde en uitsluitlik Westers-georiënteerde beskawingsteologie reaktief te begroet. Die Ned Geref Kerk het hom dus daadwerklik ten gunste van die enigste ander plaaslik aanvaarbare oplossing, naamlik algehele segregasie, beywer. Saam met die nie-pragmatiese en prinsipieel-denkende volksnasionalistiese én internasionaal-liberalistiese politici het die Ned Geref Kerke begin besef dat daar iets daadwerkliks gedoen moes word om die kleurvraagstuk op te los voordat dit te laat was.

Die Nasionale Party se beleid van algehele territoriale segregasie - die apartheidsbeleid waaraan die Ned Geref Kerk later sy gekwalifiseerde steun gegee het - is nie, soos sommige historici dit probeer voorstel het, in die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu êrens uit die lug gegryp en téén mense se sin aan hulle opgedwing nie. Die volgende word ter stawing van laasgenoemde aangevoer: Die staatsmyningenieur en seun van die bekende liberale dominee J J Kotzé, sir Robert Kotzé, het in Oktober 1920 aan 'n regeringskommissie van ondersoek na werkloosheid gesê: "...if the people made up their minds to pursue a policy of ultimate - not immediate - segregation we might have a separation of the two races which would preserve the white race in perpetuity"[8]. Die redakteur van die *Rand Daily Mail* het op 30 Oktober 1920 sir Kotzé se siening van uiteindelike algehele segregasie onderskryf en bygevoeg: "If every new activity is started and run upon the coloured labour basis, the more we do the more shall we press down the balance against the white race until the day goes by when the final verdict can be changed". In Junie 1921 het J B M Hertzog in die Volksraad verklaar dat die Unie se oppervlakte groot was en dat algehele segregasie die enigste oplossing vir die kleurvraagstuk was. Hy wou weet of die Regering die kiesreg aan nie-blankes in blanke gebiede en aan blankes in nie-blanke gebiede gaan verleen. Die liberale waarnemende Eerste Minister, F S Malan, het geantwoord dat segregasie weens ekonomiese oorweginge geen oplossing was nie, maar het bygevoeg: "As die blanke bereid is om al die werk op industriële gebied te

doen, dan sal daar wat voor te sê wees vir industriële en professionele grense"[9]. *The Cape Times* het op 25 Junie 1921 gereageer: "The general trend of native policy... has already been defined, and General Hertzog is well aware that it is not in the direction of free social intermingling of the races, but that the sails have been set consciously for segregation in the territorial sense, in the belief or hope that territorial segregation will ultimately prove the solvent of most of our native problems". *De Volkstem* het op 27 Junie 1921 geskryf: "...afskeiding tussen wit en swart op alle gebiede. Dit is 'n permanente oplossing".

Op 13 Oktober 1921 het generaal Hertzog voor die kongres van die Vrystaatse Nasionale Party in Bloemfontein verklaar: "Dit is ons vaste politiek dat segregasie sal moet plaasvind. Aan die [naturel] sal nie die reg gegee word om te woon waar hy wil nie, maar daar sal vir hom grond apart gestel word... ook industrieel [moet daar] 'n skeiding wees tussen die twee rasse, anders sal daar nooit rus in Suid-Afrika wees nie. Die naturel sal nooit rus om die stemreg te kry nie. Daarom is segregasie die enigste weg wat gevolg kan word in verband met die naturel... Jy kan 'n volk nie sy politieke regte onthou nie"[10]. *De Burger* het op 17 Oktober 1921 sy instemming met generaal Hertzog se standpunt oor die politieke regte van die "naturelle" betuig. Die blanke moes óf aan die "naturelle" gelyke politieke regte en voorregte verleen óf op skeiding van die rasse afstuur. Vir laasgenoemde moes voldoende grond aan die "naturelle" afgestaan word. Industriële segregasie kon daartoe lei dat blankes nie meer op sekere vorme van handearbeid neersien nie. *The Star* van 14 Oktober 1921 het gemeen dat "complete segregation" nie meer prakties moontlik was nie, tensy die Regering die blanke seksie van die bevolking kon oortuig om daarvoor geweldige opofferings te maak.

In sy *Presidential Address* aan die *South African National Native Congress* in 1922 oor *The Exclusion of the Bantu* het Z R Mahabane hom teen segregasie uitgespreek, maar toegegee dat dit van waarde kan wees "if due provision had been made for the partition of the land into 'hemispheres' of equal size and like quality for locating the respective races, each race being given the right to manage its own internal affairs..."[11]. In dieselfde jaar het R V Selope Thema in 'n artikel oor *The Race Problem* in *The Guardian* geskryf dat blanke en nie-blanke belange te verweef was om die Afrikane langs hulle eie weë te laat ontwikkel, maar dat algehele segregasie uitgevoer kon word indien die beginsel van selfbeskikking aanvaar word. Onder selfbeskikking het hy verstaan "the division of the country into two parts to be controlled respectively by Europeans and Africans. That is to say, each race will have its own

sovereign rights to manage its affairs in its portion of the country without interference from the other"[12]. In November 1925 het Selope Thema in reaksie op generaal Hertzog se bekende Smithfield-toespraak gesê: "If any territorial segregation of natives were carried out, the natives would want the creation of a separate native state with its own Parliament, its own constitution and to be directed not by the Union Government, but by the Imperial Government"[13]. Tydens 'n "naturelle" byeenkoms op 22 November 1925 in Kaapstad is generaal Hertzog as Eerste Minister versoek "to fulfil his promise of complete segregation, as proposed by him, [so that] the native will have his own Parliament and have the opportunity to develop himself as a race without being impeded by self protective legislation of the white man"[14]. In September 1926 het D D Tengo Jabavu, hoogleraar in Bantoe-tale aan die *South African Native College* te Fort Hare, gesê:

> "The key to the whole Native Question is territorial segregation. If the white people in South Africa were Christian enough to do the Bantu justice in a thoroughgoing scheme of territorial segregation then the future would be promising. But unfortunately Christianity has not yet been practiced to that extent... In our view the Cape liberal policy proves itself the best... because we know it. The Hertzog compromise we do not know... What we observe in actuality is the complete racial, territorial and political segregation of France, Italy and Portugal. If we were allowed to live in our own autonomous Crown Colony, like Basutoland or the Bechuanaland Protectorate, extracted from the Union of South Africa and governed direct from Downing Street, then we would heartily say: 'Yes'"[15].

'n Aantal ANC-hoofmanne het hulle in 'n verklaring na afloop van 'n konferensie op 7 April 1928 teen segregasie uitgespreek, "unless by it is meant the creation of two States, one European and the other native... the Bantu people can only develop along their own lines if they have a country of their own and are free from European interference"[16]. D D T Jabavu het in sy openingsrede aan die *All-African Convention* in Junie 1936 gesê: "...segregation and colour bars must go; alternatively we want a separate State of our own where we shall rule ourselves freed from the present hypocritical position"[17]. In een van sy *Phelps-Stokes Lectures* aan die Universiteit van Kaapstad het die bekende liberaal R F Alfred Hoernlé hom in Mei 1939 ten gunste van 'n beleid van "Total separation" uitgespreek: "...it should be clear that there is no escape from White domination by

way of parallelism or assimilation, but only by way of total separation"[18]. Volgens Hoernlé was algehele skeiding net so onhaalbaar as enige alternatief, maar as die wil daar was om dit te realiseer, sou dit gedoen kon word. In 1953 het Quintin Whyte, direkteur van die *South African Institute of Race Relations*, tydens 'n byeenkoms van Rotariërs in Pretoria gesê: "Let me say immediately that total segregation is as much a liberal policy as integration. Liberals can accept total segregation without betraying their liberal faith"[19]. Slegs Europese ekonomiese selfbelang het, volgens hom, die bereiking van hierdie ideaal onmoontlik gemaak.

Oor 'n hele aantal jare het wit en swart nasionaliste, asook liberales, hulle dus op een of ander wyse ten gunste van algehele segregasie uitgespreek. Daar was egter ook altyd persone wat hulle daartéén uitgespreek het. Daarom sou daar nooit eenstemmigheid bereik kon word nie. Diegene wat die bevordering van die Westerse, veral die Anglo-Amerikaanse, ekonomiese en kulturele belange in Suid-Afrika as hoogste doelwit gestel het, het aangehou om daarteen stemming te maak en ondersteuners vir hulle standpunte op Westers-ideologiese en Christelik-filosofiese gronde gewerf. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat iemand soos biskop Manas Buthelezi, sonder 'n behoorlike historiese begronding van sy standpunt en sonder teëspraak, ná die Soweto-onluste van 1976 in 'n onderhoud kon sê: "...if we came together and then agreed that the solution is that we should separate, then separate development would have a moral basis. But now only one section says we must separate and dictates how we should separate. As a Christian I... find some problem with this"[20]. Toe die Nasionale Party vanaf 1948 gewaag het om statutêr te doen wat sommige buite sy geledere as werkbare alternatiewe oplossing geag het, was daar dus genoeg teenstanders om die uitvoering daarvan as 'n finale oplossing vir Suid-Afrika se kleurvraagstuk onmoontlik te maak. Die wyse waarop sommiges daarna op 'n besonder negatiewe en afwysende manier na die natuurlike tuistes van die swart volkere van Suid-Afrika as "Bantustans" verwys het, het net bevestig dat die stryd teen algehele skeiding of apartheid nie altyd met bepaalde historiese werklikhede, uitsprake en gebeure rekening gehou het nie.

### 3.4 Apartheidsteologie as reaktiewe teologie

Die neo-Calvinisme van Kuyper het in Suid-Afrika die gestalte aangeneem van 'n ideologies-teologiese reaksie op die neo-Liberalisme. By die beoordeling van die neo-Calvinisme moet daar voortdurend rekening gehou word met die filosofiese en teologiese onderbou van die liberaal-

humanistiese moderne demokrasie. Die eeue oue konsep van wêreldburgerskap het nuwe krag gevind in die individualisme (anti-nasionalisme) van die liberalisme. Dit het saam met hierdie neo-Liberalisme gegroei, is uitgebou en het selfs die steun geniet van 'n volwaardige "eenheidsteologie" gegrond op die universele vaderskap van God en die broederskap van alle mense. Teen hierdie menseteologie het die Afrikaanse kerke in reaksie gekom en hulle "apartheidsteologie" as volksteologie ontwikkel. Die kernvraag waarom dit by die sistematiese formulering en reaktiewe teologiese fundering van die Ned Geref Kerke se kleurbeleid gegaan het, was nie die kwessie van die regte van die mens as sodanig, soos later beweer is nie, maar slegs die verband waarbinne hierdie regte uitgeoefen moes word, naamlik binne die begrensde volksverband of binne die skynbaar grenslose internasionale verband. Die Afrikaanse kerke se "evangelie van volksvryhede", die Engelse kerke se "gospel of cooperation" en die Swart kerklike beweging se "gospel of humanisation" beskik elkeen oor sy eie ideologies-teologiese fundering wat objektief en omvattend naas mekaar ontleed en beoordeel moet word. Die Ned Geref Kerk is soos die Engelse kerke en die Swart kerklike beweging aan bepaalde idees en ideologieë blootgestel. Op grond van 'n konstellasie van eie verworwe (neo-nasionalistiese) en geleende (neo-Calvinistiese) idees, het die Ned Geref Kerk ander idees òf reaktief begroet (neo-Liberalisme) òf geantisipeer (Afrika-nasionalisme en pan-Afrikanisme). Weens die oorwig van ander idees en die internasionale steun wat dit verwerf het, het die Ned Geref Kerk hom meestal alleen en weens die aantrekkingskrag van ander idees, telkens verdeeld bevind. Om alleen te staan, beteken egter nog geensins om nie minstens ten dele by die waarheid te staan nie.

Die volgende skema voorsien 'n raamwerk waarbinne die ideologies-teologiese fundering van die Afrikaanse kerklike tradisie se apartheidsteologie, die Engelse kerklike tradisie se beskawingsteologie én die Swart kerklike beweging se bevrydingsteologie in die lig van die onderskeie kerklike tradisies se menseregtebeskouings op 'n positiewe wyse ontleed en op 'n vergelykende wyse met mekaar in verband gebring kan word. Die kerklike tradisies se menseregtebeskouings is bepaal deur die doen van 'n teologies-kerkhistoriese ondersoek na die rol wat kerke en kerkleiers in die twintigste eeu gespeel het om staatkundige oplossings vir Suid-Afrika se bevolkingsvraagstuk aan te bied.

| ALGEHELE SEGREGASIE | GEDEELTELIKE SEGREGASIE | ALGEHELE INTEGRASIE |
|---|---|---|
| Geen gelykstelling | Ekonomiese integrasie | Vermenging |
| Natuurlike grense | Beskawingsgrens | Geen grense |
| Vertikale apartheid | Horisontale apartheid | Anti-apartheid |
| Stemreg op etniese basis | Stemregkwalifikasies | Algemene stemreg |
| | Onderwys en welvaart | Een-mens-een-stem |

| VOLK BLANK | VOLK(E) NIE-BLANK | BESKAAFD WESTERS-CHRISTELIK<br>ONBESKAAFD NIE-WESTERS | GEEN ONDERHOUD OP GROND VAN RAS OF KLAS |
|---|---|---|---|
| Afsonderlike volksvryhede<br>Nasionaal-Sosialisme | | Internasionale broederskap<br>Kapitalisme | Algehele gelykheid<br>Sosialisme |
| NASIONALISME<br>APARTHEIDS-TEOLOGIE<br>"evangelie van volksvryhede"<br>Afrikaanse kerke<br>Boer<br>Tese | | LIBERALISME<br>BESKAWINGS-TEOLOGIE<br>"gospel of co-operation"<br>Engelse kerke<br>Brit<br>Sintese | HUMANISME<br>BEVRYDINGS-TEOLOGIE<br>"gospel of humanisation"<br>Swart kerke<br>Afrikaan<br>Antitese |
| VOLKS- EN MENSEREGTE | | INDIVIDUELE MENSEREGTE | SOSIALE MENSEREGTE |

## 4 DIE MENSEREGTEVRAAGSTUK NOG NIE FINAAL OPGELOS NIE

Die idee wat die Ned Geref Kerk vir dekades voorgestaan het en waaraan dié Kerk in sy besluite gestalte gegee het, naamlik volks- of groepsregte wat sáám met menseregte uitgeoefen en beskerm moet word, is nog lank nie dood en begrawe nie. Die benadeeldes van apartheid, wat wrokkig is oor die onreg en ellende daarvan, mag steeds glo dat spesiale regte vir etniese minderhede bloot die ou boosheid in 'n ander gewaad is. Die bevoordeeldes van apartheid, wat swaar dra aan die skuld en skaamte oor hulle sondes van weleer, kan steeds probeer om daarvoor te vergoed deur

van volks- of groeps- of minderheidsregte weg te skram. Die voortdurende assosiasie van hierdie regte met die "boosheid" van apartheid, ignoreer egter een van die belangrike politieke tendense van die tyd. D Thomas het geskryf: "It generally comes as a surprise to ecumenists to realise that in fact apartheid contains that truth which the ecumenical movement has discovered in its world-wide spread - the validity, the goodness of human differentiation. Thoughts on this score have found an expression in the nerve centres of ecumenism... so similar to the basic premises of apartheid that their mutual realisation unfailingly astounds both ecumenist and apartheidist"[21].

Die lidstate van die Konferensie oor Veiligheid en Samewerking in Europa het in 1990 die sogenaamde *Kopenhagen-dokument oor minderhede* aanvaar. Daarin word minderhede verseker van die reg om uitdrukking te gee aan hulle etniese, kulturele, linguistiese en godsdienstige identiteit en die reg om hul kultuur in alle fasette te ontwikkel. Die reg van minderhede om selfstandige opvoedkundige, kulturele en godsdienstige instellings te skep, word in hierdie dokument uitdruklik genoem. In 1992 het die Verenigde Nasies-Organisasie die *Deklarasie oor die regte van persone wat tot nasionale of etniese, godsdienstige en linguistiese minderhede behoort* aanvaar. Artikel 1 van hierdie *Deklarasie* verklaar dat state die identiteit van sulke minderhede op hulle grondgebied sal beskerm en bevorder en gepaste wetgewing tot dien effekte sal aanvaar[22]. I L de Villiers het die handhawing van hierdie siening bevestig toe hy geskryf het:

> "Waar 'n paar dekades gelede dwarsoor die wêreld vas geglo is dat groepe, tale, volke... besig is om in een groot menslike familie in 'n kleiner wordende "global village" te verdwyn... begin [mense] al hoe meer soek na hul identiteit in die kleiner eenheid van bloedverwantskap... Hulle wil nie maar net vrede maak met die feit dat hul gesiglose individue in 'n "wêrelddorp" of kontinent of landstreek is nie. Hulle wil behóórt tot 'n kleiner eenheid waarin hulle hulself nie gedurig hoef te verduidelik nie en hul eie foute en feile in eie kring kan oplos. Hulle is klaar met rassisme, ja. Hulle staan vir basiese menseregte. Maar hulle vra ook meer..."[23].

Die gelykmaakbenadering wat politieke uitdrukking wil gee aan die eenheid van die mensdom, het volgens C Heyns[24] as probleem dat dit alle kreatiewe spanning wegvat. Besluite kan nie geneem word deur bloot die gemiddeld te soek wat in die res van die wêreld gedoen word nie. Die soeke na waarheid is nie 'n gewildheidskompetisie nie. Mense, waaronder

die Afrikaners of Afrikaanses, moet steeds hulle eie ding doen. Van die eie moet na die algemene uitgereik word.

Die menseregtevraagstuk hier te lande is vir die kerke van Suid-Afrika in die algemeen en vir die Ned Geref Kerk in die besonder nog steeds nie 'n finaal opgeloste vraagstuk nie. Die grootste uitdaging lê miskien nog voor, naamlik die versnyding van individuele menseregte, volks- of groeps- of minderheidsregte én sosiale of kollektiewe regte in 'n plurale en multi-kulturele land of landstreek en deel van 'n opkomende kontinent en 'n invloedryke wêreldgemeenskap. Die kerke in Suid-Afrika kan nie net voorspraak doen vir mense se individuele en sosiale menseregte nie. Al die kerke is ook profeties geroep om gesamentlik én afsonderlik toe te sien dat geregtigheid geskied teenoor elke ondergeskikte etniese en/of minderheidsgroep op politieke, kulturele, linguistiese én godsdienstige gebied.

## NOTAS:

1 Hierdie artikel bied 'n samevatting van 'n proefskrif wat voltooi is onder leiding van professor J W Hofmeyr, Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Universiteit van Pretoria.

2 W D Jonker, "Christelike geloof en menseregte", in: D A du Toit (red), *Menseregte*, Kaapstad 1984, 47.

3 D A du Toit, *Die mens en sy regte: Geloof en praktyk in Suid-Afrika*, Kaapstad 1988, 6.

4 A König, *Menslike mense: Oor die mens en die sonde in die praktyk*, Halfway House 1993, 30.

5 J H Ernst, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Menseregtevraagstuk: 1910 - 1990*, ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria 1995.

6 Vergelyk W J de Klerk *De Kat* (Nov 1989) en *Rapport* (9 September 1990).

7 F A van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*, Johannesburg 1984, 51.

8 *Rand Daily Mail* (30 Okt 1920).

9 *De Burger* (24 en 25 Jun 1921).

10 *De Burger* (14 Okt 1921).

11 G M Carter, *African concepts of nationalism in South Africa: Melville J Herskovits Memorial Lecture*, Edinburgh 1965, 16.

12 Carter, *a w*, 17.

13 *The Cape Times* (16 Nov 1925).

14 *The Cape Times* (12 Nov 1925).

15 D D T Jabavu, "South African Problem", *The International Review of Missions* (Jul 1926), 384v.

16 *The Star* (9 Apr 1928).

17 D D T Jabavu, *Presidential Address to All-African Convention*, Alice 1936, 13.

18 R F A Hoernlé, *South African native policy and the liberal spirit*, Johannesburg 1945, 182-183.

19 *Die Kerkbode* (4 Mrt 1953).

20 *To The Point* (4 Feb 1977).

21 D G Thomas, *Councils in the ecumenical movement South Africa 1904 - 1975*, Johannesburg 1979, 15.

22 D Geldenhuys, *Beeld* (11 Feb 1995).

23 I L de Villiers, *Rapport* (24 Okt 1993).

24 C Heyns, *Beeld* (8 Jul 1995).